Publication: Beeld (Uitgawe 1)
Date: Wednesday, April 15, 2020
Page: 2

# ‘Maak reg vir talle begrafnisse’

**Johanna van Eeden**

Bejaardes en mense met onderliggende gesondheidsprobleme moet dit oorweeg om hulself nog tot einde September in selfisolasie te plaas om hulle teen Covid-19 te beskerm.

Dit is een van die aanbevelings van prof. Salim Abdool Karim, voorsitter van die ministeriële advieskomitee oor Covid-19.

Karim het Maandagaand op ’n aanlyn mediakonferensie gesê Suid-Afrika het deur die instelling van die nasionale staat van inperking “sowat vier tot ses weke” gewen om voor te berei vir die volle uitwerking van die pandemie.

Sy boodskap is duidelik: Die eksponensiële verspreiding van die virus in Suid-Afrika kan nie voorkom word nie.

Karim, ’n epidemioloog en spesialis in aansteeklike siektes, lig in sy voorlegging agt fases van die pandemie in Suid-Afrika uit.

Hoewel Suid-Afrikaners nou reeds bekend is met die omstandighede wat Karim in die eerste vier fases uitlig, word die verwagte uitwerking van die pandemie duidelik in fase vyf tot agt. In dié stadiums word daar voorberei op veldhospitale en talle begrafnisse.

Die eerste fase fokus op voorbereiding, die inlig van gemeenskappe oor die virus, die vestiging van kapasiteit om die krisis te hanteer en waarneming van die verspreiding van Covid-19.

In die tweede fase is spesifiek gekyk na primêre voorkoming met ’n sterk fokus op die handhawing van ’n gesonde afstand tussen mense en die deurlopende aanmoediging van mense om hul hande te was.

Dié fase, wat saamgeval het met pres. Cyril Ramaphosa se aankondiging van ’n nasionale ramptoestand, is ook gekenmerk deur die sluiting van skole, ’n verbod op die getal mense wat mag byeenkom, die sluiting van grense en ’n verbod op internasionale reise.

Fase drie het aangebreek by Ramaphosa se instelling van die nasionale staat van inperking om kontak tussen mense waar moontlik te verminder ten



Prof. Salim Abdool Karim Foto: DANIELLE KARALLIS

## Genoeg data

**Prof. Salim Abdool Karim sê teen 18 April behoort die regering genoeg data te hê om ’n ingeligte besluit te neem oor die staat van inperking. Indien die tendens teen dié dag voortgaan van meer as 90 gemiddelde bevestigde gevalle per dag, moet die inperking verleng word. ’n Gemiddelde van 44 of minder gevalle sal voldoende rede wees vir die stelselmatige opheffing van die maatreëls van die inperking. ’n Skielike opheffing sal lei tot die versnelde verspreiding van die virus, waarsku hy.**

einde die verspreiding van die virus te beperk.

Grootskaalse toetsing van gemeenskappe, die isolering van siek mense en die opsporing van almal met wie hulle in kontak was, is deel van fase vier.

In die vyfde fase word brandpunte geïdentifiseer, terwyl kapasiteit verhoog word op die plekke waar nuwe infeksies voorkom.

Karim het sy kommer uitgespreek oor die moontlikheid dat die pandemie veral vastrapplek kan kry in digbevolkte dele van metrogebiede, soos Johannesburg, Kaapstad en Durban.

Die sesde fase behels mediese sorg ter voorbereiding van wanneer die voorkoms van die siekte sy toppunt gaan bereik. Karim wys op die noodsaak van veldhospitale in dié fase.

Hy gebruik vir dié fase ook die term

> **“ Die eksponensiële verspreiding van die virus in Suid-Afrika kan nie voorkom word nie.**
>
> — Prof. Salim Abdool Karim

“triage”, wat neerkom op die prioritisering van siekes deur gesondheidswerkers wanneer ’n groot getal mense tegelykertyd behandeling vereis.

Talle gesondheidswerkers in Europa en die VSA se ervaring daarvan was ’n besluit – te midde van beperkte hulpbronne – oor wie leef en wie sterf.

In dié fase, sê Karim, gaan daar ’n groot behoefte wees aan beddens in hoësorgeenhede, ventilators en beskermende drag vir mediese personeel.

Indien mense nie toegang kry tot gesondheidsorgdienste nie, kan dit, soos in New York, tot talle meer sterftes lei.

Hy het ook die noodsaak uitgespreek vir ’n “doeltreffende stelsel vir ambulansdienste” en sê mense met MIV/vigs en tuberkulose kan in dié fase uiters kwesbaar wees.

Boonop gaan die gewone wintergriep in dié fase gelyklopend met Covid-19-infeksies voorkom.

Sy aanbeveling is dat kwesbares en bejaardes in dié stadium hulle vrywillig tot einde September in selfisolasie moet hou.

Fase 7 hanteer “rou en nadraai” – wanneer uitgebreide voorsiening gemaak moet word vir begrafnisse en die bestuur van die sielkundige en maatskaplike uitwerking van die pandemie.

In die finale fase moet waarnemings gedoen word om die infeksievlakke te monitor en moet entstof toegedien word “indien beskikbaar”.

Karim sê Suid-Afrika se hantering van die pandemie moet deurlopend gefokus wees op “die doodslaan van klein vlamme ten einde verwoestende veldbrande te voorkom”.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.